Week 6 - Teenwoordigheid

I. DIE TEENWOORDIGHEID VAN DIE GEES IN "DIE BYBEL"

A. IN DIE OU TESTAMENT...

Reg van die begin af was die teenwoordigheid van die Heilige Gees baie duidelik prominent - ***Gen 1:1-2*** *In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed,* ***en die Gees van God het gesweef op die waters…..*** ***The Spirit of God was moving (hovering, brooding****) over the face of the waters. (AMPL)*

Die Heilige Gees word 88 keer in die O.T genoem ; 23 boeke in die O.T. verwys na die Heilige Gees,, Alhoewl die uitdrukking "Heilige Gees" slegs 3 keer genoem word – b.v: **Ps 51:11**

Ander uitdrukkings soos bv., "die Gees van God" word ook gebruik - **Gen 1:2**

B. IN DIE NUWE TESTAMENT...

Die N.T. verwys 264 keer na die Heilige Gees; Daar is 60 of meer verwysings in die evangelies en ongeveer 57 verwysings in die boek Handelinge(daarom word die boek ook genoem "Die Handelinge van die Heilige Gees"). Die Sendbriewe verwys 132 keer na die Heilige Gees en slegs 3 briewe maak GEEN verwysing na die Heilige Gees nie. (**Philemon, 2 & 3 John**)

II. DIE GEES IN "DIE LEWE VAN CHRISTUS"

A. BETROKKENHEID BY DIE GEBOOR TE VAN JESUS...

1. Jesus is deur die Heilige Gees verwek in die maagd Maria - **Matt 1:20; Luk 1:30-35**
2. 'n Paar indiwidue is deur die GEES geinspireer om Jesus se geboorte aan te kondig:
   a. Elizabeth, moeder van Johannes die Doper - **Luk 1:41-42**
   b. Sagaria, vader van Johannes die Doper - **Luk 1:67-79**
   c. Simeon, toe hy Jesus aanskou in die Tempel - **Luk 2:25-35**

B. BY DIE DOOP DEUR JOHANNES DIE DOPER...

1. Gees daal neer op Hom soos 'n duif - **Luk 3:21-22**
2. Kom op hom "verlig" Hom- **Matt 3:16** - .... saw the Spirit of God descending like a dove and **alighting on Him**. (AMPL)

C. GEDURENDE DIE VERSOEKING IN DIE WOESTYN...

1. Jesus was "vervul met die Heilige Gees" - **Luk 4:1**
2. Hy is "gelei deur die Gees" in die woestyn - **Luk 4:1; Mt 4:1**

D. SY KRAG GEDURENDE JESUS' SE BEDIENING...

1. Jesus keer terug na Sy versoeking "deur die Krag van die Gees" om te leer in die sinagoge - **Luk 4:14-15**
2. Hy verwys na Jesaia se profesie (Jes 61:1) aangaande Homself, "Die Gees van die Here is op My - **Luk 4:16-21**
3. Jesus het Hom "in die Gees verheug" - **Luk 10:21**
4. Jesus het siekes gesond gemaak en duiwels uitgedryf deur die krag van die Heilige Gees - **Matt 12:28**

VOLGENDE : TEENWOORDIGHEID IN ONS LEWENS

Dag 36 – DIE INWONING VAN DIE HEILIGE GEES

Eseg 36:26-27 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. 27 En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.

Die inwoning van die Heilige Gees, is God die Heilige Gees wat Sy permanente verblyf **in ons lewens** kom neem en saam vorm ons as die kerk van Jesus, die woonplek van God se Gees - - **Efes 2:21-22**
Die belofte van Jesus in Joh 14:16-17 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:
die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.
Deur Christus word ons nou die "**seuns van God**" - Gal 4:6 En omdat julle kinders(seuns) is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!

Rom 8:9-11- Rom 8:9 julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. ….En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

Griekse woord = "oikeo" - to ***occupy a house*** that is, *reside* (to *inhabit*, to *remain*, to *cohabit:* - **to dwell**.

DIE GEVOLGE VAN DIE INWONENDE GEES :

1. **Ons moet besef dat ONS (ons hart , siel en liggaam) AAN HOM BEHOORT** –- Ons behoort NIE aan onsself nie (**1Kor 6:19**)
2. Ons is gekoop teen 'n prys: daarom moet ons GOD verheerlik**) in ons liggaam en gees, wat aan God behoort.**
3. Die liggaam is DOOD vanwee die sonde; **maar ons gees is LEWE vanwee Geregtigheid.**
4. En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. - - **Rom 8:10-11**
5. **Ons liggame is die TEMPEL van die HEILIGE GEES –** daarom mag ons dit nie ontheilig nie, ….. **1Kor 3:16-17**
6. **1Joh 4:4** Julle (ONS) is uit God… en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle(ONS) is, groter is as hy wat in die wêreld is.
7. God versterk ons "deur SY GEES in die innerlike mens" – **Efes 3:16**
8. God werk IN ONS soos ons, ons heil uitwerk - **Fil 2:12-13; 4:13**
9. God gebruik ons…. om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens **die krag wat in ons werk**, **- Ep 3:20**
10. Ons het **die Vrug** …. Sowel as die **BEDIENING** VAN DIE GEES.

Because of the indwelling of the Spirit, we have the **FRUIT of the Spirit** ; we are being **SANCTIFIED** by the Spirit , We are being **TRANSFORMED** by the Spirit ; We are **LEAD** by the Spirit, We are **BUILT UP** by the Spirit; We are enabled to **WALK** in the SPIRIT , We have the **MINISTRY** of the SPIRIT etc…

Dag 37 – DIE VRUG VAN DIE GEES



Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Waar die Doping met die Heilige Gees die openbaring is van Jesus se BEDIENING in ons lewens, so is die VRUG van die GEES die openbaring van Jesus se "PERSOONLIKHEID in ons lewens

Eph 5:9 Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.

Ephes 5:9 - For **the fruit** (the effect, the product) of the Light or the Spirit [*consists*] in **every form of kindly goodness, uprightness of heart, and trueness of life.** (AMP) ...

NAAM (Gal 5:22-23	DEFINISIE	ANDER SKRIF	GRIEKSE DEFINISIE
LIEFDE	Nie net emosies of gevoelens Dis 'n besluit geneem twv die welstand van ander , onvoorwaardelik	**Joh 15:12-14**	**Agape**: Love which seeks the highest good of others.
BLYDSKAP	Nie gebaseer op omstandighede nie; Word verkry deur die wil van God . Soos omdie evangelie te deel met ander.	**1 Pet 1:8,9**	**Chara**: Gladness, delight, a special presence of God
VREDE	This is the state of assurance, lack of fear provided only by God. Also is the unity between believers. Freedom from worry and oppressive thoughts	**Fil 4:7**	**Eirene:** Peace between individuals, harmony, unity
GEDULD	Slowness in avenging wrongs. The quality which keeps the believer from responding to negative situations out of hatred and anger etc.	**1 Thess 5:14-15**	**Makrothumia**: Long suffering, bearing fruits without complaint
KINDNESS	The eagerness to put others at ease. A sweet and attractive temperament that shows friendly regard	**Spr 11:16-17**	**Chrestotes:** Merciful, easy to bear, morally good and upright
GOEDHEID	Selfless desire to open yourself and generous to others even they don't deserve it.	**Titus 3:8**	**Agathosune**: Useful, generous
GETROUHEID	Firm devotion to God, loyalty to friends, discharging responsibilities properly, the belief that Jesus died for our sins.	**Open 2:10b**	**Pistis:** Trust, conviction
SAGMOEDIGHEID	Humble non threatening demeanor that derives from a position of strength and authority, and is useful in calming another's anger. This not being weak and passive.	**1 Pet 3:15**	**Prautes:** Humble, meek
SELF BEHEERSING	Restrain one's emotions, actions and desires, and to be in harmony with the will of God. Self control is God's will, not living for one's self.	**Titus 2:11,12**	**Egkratea:** Being in control of one's self

Day 38 – HEILIGMAKING DEUR DIE GEES

DINSDAG

1Kor 6:11- *En dit was sommige van julle; maar julle het jul **laat afwas**, maar julle is **geheilig**, maar julle is **geregverdig** in die Naam van die Here Jesus en **deur die Gees** van onse God.*

A. ONS AANVANKLIKE HEILIGMAKING... ons is

1. **SKOON GEWAS** – Ons aanvanklike Heiligmaking het begin by wedergeboorte – deur die werking van 'n Heilige Gees en die bloed van Jesus Christus. – **1Kor 6:11** **…** die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde… Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. ***(1 Joh 1:7-9);***

2. **GEHEILIG (AFGESONDER)** – Heiligmaking behels die proses waarin ons **HEILIG gemaak word.** Dit beteken om "afgesonder" te wees(**"to be set apart", "to be consecrated")** **Heb 10:10** - *Deur hierdie wil is ons **geheilig** deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal…AMPL - .. we have been **made holy (consecrated and sanctified**) through the offering made once for all of the body of Jesus Christ.*
Heb 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word…..**Heb 10:14** For by a single offering He has forever **completely cleansed and perfected those who are consecrated** and made **holy.**

3. GEREGVERDIG (**JUSTIFIED)** - "Heiligmaking behels ook die REGVERDIGMAKING deur die Heilige Gees" - **Rom 3:24** ***[All] are justified** and "**made upright and in right standing with God**", freely and gratuitously by His grace (His unmerited favor and mercy), through the redemption which is [provided] in Christ Jesus,*

B. ONS VOORTDURENDE HEILIGMAKING...

1. Heiligmaking is 'n voortdurende proses - **Heb 2:11; Heb 10:14**
Nie in die sin van t.w.v Redding nie - **Heb 10:10** maar om 'n Heilige Lewe te lei - **1Thess 4:3-4; 1 Thess 5:23**
2. Die GEES speel 'n belangrike rol in ons Heilige lewenswandel.
a. Dit is met die hulp van die Gees wat ons die werke van die vlees kan kruisig - **Rom 8:11-13; Kol 3:5-9** …en ons kan wegvlug van immoraliteit – **1Kor 6:18-19**
b. Ons slaag daarin om te "**WANDEL in die Gees**" en deur die Gees "**GELEI te word**" – en NIE die begeertes van die vlees te volbring nie. **Gal 5:16-18**
c. DIE KERK bestaan uit die' wat **GEHEILIG** is **in** Christus Jesus, (**1Kor 1:2), deur** die HEILIGE GEES. **(Rom 15:16)**.. ons is verkies tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid, *(***2Th 2:13)**
d. ONS IS soos lewende stene op(ge)bou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus. (**1Pet 2:5**),
e. Ons word VOORWERPE TOT EER gemaak,…geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk.- **2Tim 2:20-21**

WOENSDAG

Dag 39 – TRANSFORMASIE DEUR DIE GEES

Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word **verander** deur die **vernuwing** van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.
AMPL - Rom 12:2 *Do **not be conformed** to this world … but **be transformed** (changed) by the [entire] **renewal of your mind**….*

A. INLEIDING

1. Die Woord **VERANDER(VERNUWE) dui op TRANSFORMASIE** en word gebruik om die "vorm" verandering te beskryf **waardeur 'n skoenlapper gaan** (dws., **van ruspe tot skoenlapper**)

Griekse woord = "metamorphoo" – OM TE VERANDER ; om te VERNUWE - to transfigure , to transform , to change into another form, to transform, to transfigure -

2. In die N.T, word die woord "**metamorphoo**"gebruik om die volgende te beskryf:nl.
a. Wat met JESUS gebeur het op die Berg van Verheerliking - **Matt 17:1-2**
b. Wat met Christene moet gebeur in diens van God - **Rom 12:1-2**

B. DIE KONSEP...

1. Ons laat NIE toe dat ons aan die wêreld **gelykvormig** word nie *maar ons laat toe dat GOD se Gees ons total **verander (transformeer)***, en dit vind uitdrukking in ons **karakter** sowel as **optrede**. " d.w.s., ons wat "**ruspes**" was, nou "**skoenlappers**"

2. Ons **onderwerp** ons aan die Heilige Gees se krag en God se genade
   1) Ons word **vernuwe in ons gedagtes** (denkrigtings)
   2) Ons word 'n "**Nuwe Skepsel**" - **2 Kor 5:17**

DIE DOEL VAN TRANSFORMASIE (VERNUWING)

A. **OM TE WORD SOOS CHRISTUS...**
1. verander van heerlikheid tot heerlikheid – **2Kor 3:18**
2. Ons word verordineer (bedoel) om so te wees - **Rom 8:29**
3. Die doel van 'n dissipel (om soos die leermeester te wees) - **Luk 6:40**
4. Vernuwe tot die beeld van die Skepper - . **Kol 3:9-10**

B. OM TE LEWE SOOS CHRISTUS
1. Om ons liggame te stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer. **(Rom 12:1**) volgens Jesus se voorbeeld - **Heb 10:5**
2. Om te kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. - **(Rom 12:2)** net soos Jesus gedoen het op aarde - cf. Joh 6:38

DIE MOTIVERING VIR TRANSFORMASIE

A. Die Ontferminge (Omgee, Genade) van GOD... Rom 12:1
a. Vrymaking van sonde - Rom 6:16-18
b. Genade Gawe van die Ewige Lewe - Rom 6:23
c. Vrede met God – Rom 5:1
d. Toegang tot die Genade van God - Rom 5:2
e. Redding van die Toorn van God - Rom 5:9

Dag 40 – TRANSFORMASIE (vervolg)

DONDERDAG

Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

DIE MOTIVERING VIR TRANSFORMASIE

Waar die Ontferminge van God die eerste motivering was, is die LIEFDE VAN GOD ons tweede motivering

B. DIE LIEFDE VAN CHRISTUS

1. Ons word beheer, beweeg, voortgedryf en geinspireer deur die Liefde van Christus – **2Kor 5:14-15** ; net soos Christus ons lief gehad het, en Sy lewe vir ons afgelê het. - **Gal 2:20** – Die liefde van Christus dring ons om te lewe VIR Hom en LIEF TE Hê soos Hy

C. DIE ENIGSTE ALTERNATIEF

1. Om GELYGVORMIG te word (***suschematizo***) - beteken " 'n verbygaande, veranderlike, onstabiele verandering wat ons 'n goedkoop namaaksel maak.
2. As ons nie "vernuwe" (ge-transformeer) word nie, sal ons gelykvormig word aan een van twee dinge:

a. **Die wêreld - Om te wees soos en op te tree soos** die wêreld, - wat die Naam van Jesus verloën.

b. **Ander Christene –** deur uiterlik **te lyk soos en op te tree soos** ander Christene, maar ons sal net 'n goedkoop namaaksel wees wat later ontdek sal word om "valse" (Fariseeragtige) Christen te wees!!

IV. DIE PROSES VAN VERNUWING (TRANSFORMASIE)

1. Die proses behels die **vernuwing van ons gemoed / gedagtes.**
   a. Soos aangedui deur- **Rom 12:2**; asook **Efes 4:20-24**
   b. As daar nie vernuwing van ons gedagtes (gemoed) plaasvind nie, is enige verandering in ons lewens sleg oppervlakkig.
2. Vernuwing van ons gedagtes hang af van wat ons **bedink** (d.w.s wat ek my gedagtes op vestig)
   a. Bedink die **dinge wat daarbo is** - **Kol 3:1-2**
   b. Bedink die **dinge van die Gees** - **Rom 8:5**
3. Ons is in staat om **ware transformasie** te beleef!
   a. Deur die "ou mens" af te lê, en ons met die nuwe mens te beklee - **Kol 3:2, Kol 3:5-10**
   b. Om volgens die Gees te lewe - **Rom 8:5,13**
4. Die **proses van transformasie** is eintlik heel eenvoudig
   Vestig jou gedagtes op die dinge daarbo en jou gedagtes te vernuwe;
   Byvoorbeeld - Hand 2:42
   a. Om te mediteer en na te dink oor God en sy Woord
   b. Om in jou gedagtes met God te kommunikeer in gebed
   c. Betrek jou gedagtes in aanbidding via gereelde byeenkoms saam met ander
   d. Sentreer jou gedagtes op Jesus via die nagmaal en jou gees sal geleidelik vernuwe word
5) **Modernne studies in self-verbetering bevestig die volgende waarheid**

a. Ons word uiteindelik, dit wat ons bedink. – **Spr 23:7**

b. Daarom moet ons, ons harte bewaak - **Prov 4:23**

c. Ons kan ons gesindhede en optrede verander deur ons gedagtes te vul met positiewe prentjies. – Ons is egter nie alleen nie, God is met ons en werk in ons - **Fil 1:6; 2:12-13**

Vandag is HEMELVAART!!!

VRYDAG

Dag 41 – LEIDING DEUR DIE GEES

Gal 5:18 Maar as julle deur die Gees **gelei** word, dan is julle nie **onder** die wet nie. **Gal 5:18-21** But if you are **guided** (led) by the [*Holy*] Spirit, you are not subject to the Law. (AMPL).

Griekse woord - "ago" = 1) om te **lei**; om **saam te neem**
Engels: - 1a) to lead by **laying hold of**, and this **way to bring to the point of destination**:
1b) to lead by **accompanying** to (into) a place
1c) to lead with one's self, **attach to one's self as an attendant**
1d) to lead away, to a court of justice, magistrate, etc.
2c) to move, impel**: of forces and influences on the mind**

As ons deur die Gees gelei word, moet ons 2 dinge mooi verstaan:

a. **GENADE** – ons nie meer onder die wet nie. (**Gal 5:18**)

b. **KINDSKAP (SEUNSKAP)** - Rom 8:14 *Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.*

VOORBEELD van JESUS - Mat 4:1 Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.

Dawid bid in Psa 143:10 Leer my om u welbehae te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei in 'n gelyk land.
AMPL - Psa 143:10 Teach me **how to live to please You**, because you're my God. **Lead me** by your blessed **Spirit into cleared and level pastureland.**

I. HOE DIE GEES DIE KIND VAN GOD LEI

a. **OORTUIGING** – Die Gees is gestuur om te oortuig - **Joh 16:7-11**

b. **LEIDING (GUIDANCE)** – Die Gees **LEI** in alle waarheid - **Joh16:12-13; Jes 58:11** En die HERE sal jou **gedurigdeur lei** en jou siel versadig in dor plekke
Dawid bid in Psa 31:3 (31:4) Want U is my rots en my bergvesting; en om u Naam ontwil sal **U my lei en my bestuur.**

c. **OPENBARING** – **1Kor 2:9-14** …. wat God berei het vir die wat Hom liefhet. … Maar God het dit aan ons **deur sy Gees geopenbaar**, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. ….Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. …..

Efes 3:3-5 dat Hy aan my deur '**n openbaring** bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het; 4 waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan, 5 wat in ander tye aan die mensekinders **nie bekend gemaak is** nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete **geopenbaar is deur die Gees**, ….

d. **INSTRUKSIES (OPDRAGTE) AAN DIE APOSTELS**–
Wat die Apostels ONTVANG het, het hulle in die Bybel geskryf sodat ons kan verstaan - **Ep 3:3-5 ;**
En hulle het volhard in die **leer van die apostels** - – **Hand 2:42 .**
1) **Paulus** … het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie. - **Hand 20:27**
2) **Petrus** … sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur **die kennis** van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, - **2Pet 1:3**
3) **Judas** het gesê: ek het die noodsaaklikheid gevoel om julle **deur my skrywe** te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. – **Judas: 3**

Wat die Heilige Gees gebruik om ons te lei :
A. DIE WOORD
2Tim 3:16-17 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, 2Ti 3:17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.
…**2 Tim 3:16**
Die Woord is die "**Swaard**" (instrument) **van die Gees**- **Efes 6:17**
Om die WOORD te weerstaan, is om die GEES te weerstaan…
1. Soos die Israeliete die Geinspireerde Woord weerstaan het - wat gebring is deur Moses en die Profete - **Hand 7:51-53**
2. Soos wanneer ons die Geinspireerde Woord weerstaan wat aan ons gebring is deur die apostels – **1Kor 14:36-37**

B. DIE SAGTE STEM VAN DIE GEES
i. Soos in die tyd van Elia – **1 Kon 19:12**
ii. Soos die Gees gespreek het tot Fillipus- **Hand 8:29**
iii. Soos die Gees gespreek het tot Petrus - **Hand 10:19**
iv. maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie. - **Hand 16:7**

C. DEUR VISIOENE en DROME...
a. Soos Paulus en Ananias in **Hand 9:10-12**
b. Soos Petrus en Cornelius in **Hand 10:17-19**
c. Paulus het 'n visioen gehad van 'n Masedonier- **Hand 16:9-10**
c. Profesie van **Joel 2** is vervul in - **Hand 2:17**

D. PROFESIE
1. Soos Agabus wat opgestaan en geprofeteer het - **Hand 11:28**
2. Soos Kaiafas, die hoëpriester - **Joh 11:49** ,
3. Soos Sagaria wat vervuld was met die Heilige Gees - **Luk 1:67**

VERDER LEI DIE GEES ONS:
1. in God se **geregtigheid** t.w.v ons vyande; -. **Psa 5:8**
2. in God se **waarheid, en leer ons…** die God van ons verlossing - **Psa 25:5**
3. Hy laat ons neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy ons heen. … Hy lei ons in die spore van geregtigheid, … **Psa 23:1-4**
4. Mat 6:13 en **lei** ons **nie in versoeking nie**, maar verlos ons van die Bose.
5. **Griekse woord – "eisphero" -** to *carry inward* ; to bring (into), lead into. "to bear" or to *carry* ; to come, to be driven, to endure, lead, to move, to reach, to be rushing, to uphold.

SATERDAG



Dag 42 – *BOU en VERSTERKING VAN DIE INNERLIKE MENS*

Efes 3:16-17 dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, [17] sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is,

ONS INNERLIKE MENS (Die Gees georienteerde Siel)

1. **ONS HARTE -**,,,. **Jak 5:8** Julle moet ook geduldig wees; versterk julle harte, want die wederkoms van die Here is naby.
   Lees ook ; **1Thess 3:13** ; **2Th 2:17**
2. **GEES VAN ONS GEMOED**; - wat **vernuwe** moet word **- Efes 4:23** …, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe. - **2 Kor 4:16**

Waar die **UITERLIKE** mens die **Liggaam/ Vlees georienteerde siel is** , word ons aangemoedig om VERSTERK te word in die INNERLIKE (gees-georienteerde)MENS: Voorbeeld: : VREES is 'n simptoom van die uiterlike mens, ons word aangemoedig om **NIE 'n gees van vrees** te hê nie **maar van krag, liefde en selfbeheersing - 2 Tim 1:7**

A. STERK en STEWIGE FONDASIE

Net soos in die geval van 'n huis of 'n gebou, vir iets om VERSTERK te word, voor veronderstel dat dit reeds gebou was. **Die noodsaaklikheid van 'n stewige fondasie**

2Thess 3:3 Maar die Here is getrou; Hy sal julle **versterk** en bewaar van die Bose.

Luk 6:47-48 … *Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister …. Hy is soos 'n man wat **'n huis bou**, wat gegrawe en diep ingegaan en **die fondament** op die rots gelê het; en toe die vloedwater kom en die stroom teen daardie huis losbreek, kon hy dit nie beweeg nie, omdat **sy fondament** op die rots was.*

1. LIEFDE– *Die ware gevoel vir God en mens, wat groei vanuit God se liefde vir ons en in ons - ;*

- …. julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, - **Efes 3:17** …..
- **…..**Dit is die Groot Gebod **- Matt 22:38-39**
- . dat julle …begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken, **- Efes 3:18-19**

2. GELOOF– Die vaste vertrou op die dinge wat ons hoop en die bewys van die dinge wat ons NIE kan sien nie, ...waarsonder ons God nie kan behaag nie - (**Heb 11:1,6**)

Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid - **Jud 1:20**

3. HOOP – Dit is ons vreugdevolle verwagting op ons ewige verlossing

- as julle ten minste gegrond en vas bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie,..**Kol 1:23**
- **1Kor 13:13** - *So bly GELOOF, HOOP en LIEFDE **, maar die grootste hiervan is die Liefde***

DIE GEREEDSKAP GEBRUIK OM TE BOU OP DIE FONDASIE:

1. DIE WOORD VAN GOD - 2 Tim 3:16-17
En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade, wat magtig is **om julle op te bou** en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes. – **Hand 20:32**

2. **BID IN DIE GEES** – Jud 1:20 Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid - **Jud 1:20**

Die Heilige Gees werk IN ONS soos ons HOM toelaat , om:

1. **Ons te versterk in GELOOF -** …… **Rom 16:25**
2. **Ons te versterk in KENNIS en VERSTAND - Eph 3:18-19**

en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp:
a. wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,
b. en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref,
c. sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

3. **Ons te versterk in HEILIGHEID –** sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus . - **1Thess 3:13**

4. **Ons te versterk in ons SWAKHEID** – Die Gees kom ons swakhede te hulp - **Rom 8:26a ; 2 Kor 12: 9.**

5. **Ons versterk om GOD SE WIL te doen -** En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, … **Eph 3:20** ..
Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het, julle volmaak in elke goeie werk, **om sy wil te doen**, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen. - **Heb 13:20-21**

6. **Ons versterk om aanvegtinge te hanteer -** *Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand. ….***Jes 41:10**

ONS AANDEEL IN DIE PROSES is:

a. **Heb 12:12** die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.,
b. **2Thess 2:17** En mag onse Here Jesus Christus self en onse God en Vader, …. julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke!

GEBED: :
Dankie Vader dat ons kan bou op 'n fondament van liefde, hoop en geloof . Ons bedank u vir u Woord en die Gees wat ons kan help om opgebou en versterk in ons harte en gedagtes . Amen

SELGROEP: WEEK 6

VERWELKOMING :– *As jy dink aan die program "Extreme makeover", wat is die een ding aan jou liggaam (of huis) wat jy graag sou wou verander*

AANBIDDING:

WOORD : Lees **: Rom 12:1-2,**

1. **As ons kyk na hierdie skrif, kom verskeie vrae na vore**

a. Wat beteken dit om "vernuwe" (getransformeer) te word?

b. Wat is die DOEL van Transformasie?

c. Wat moet ons motiveer om transformasie deur te gaan? (God se ontferminge en Liefde van Christus) - **Lees : Rom 12:1; Rom 6:16-18; Rom 6:23; Rom 5:1-2 ; Rom 5:9**; **2Kor 5:14-15 ; Gal 2:20**

2. **Ons moet toelaat dat ons gedagtes vernuwe word deur die dinge te bedink wat daarbo is: Bespreek? Col 3:1-2 ;** - **Rom 8:5**

a. Is ons bereid om onsself te onderwerp aan 'n "brein operasie" deur die Groot Geneesheer? Bespreek?

b. As God ons 'n totale "make over" wil gee, wat is die gereedskap wat Hy gebruik?

3. **Wat verhinder ons om Transformasie deur te gaan**? **Bespreek** ?

i. Kan my verstand vernuwe word as ek op 'n "**hongerstaking" dieet** is? (bv: ongereelde Bybelstudie)

ii. Kan my verstand vernuwe word as ek op 'n **"gemors-kos" dieet** is? (bv: verkeerde films, boeke en internet wetuistes)

4. **Ons word uiteindelik wat ons bedink** ? **Bespreek** ? **Lees:Spr 23:7**; **Spr 4:23**

5. Bespreek hoe ons kan Leef en Wandel in die Gees ? **Rom 8:5-6 ; Gal 5:16-18 ; Gal 5:22-25**

6. **Bespreek die wyse en maniere waarop die Gees ons lei** ? Bv: Woord / Engele / Drome en Visioene / Sagte stem / Hoorbare stem / Profete / Omstandighede

7. **WAT IS DIE KANSE en GEVARE om mislei te word**

a. Deur die Woord – bv: "inlegkunde"

b. Deur Profete -- **Deut 13:1-5 ; Deut 18:20-22**

c. Drome en Visioene - **Ecc 5:7**;**Jer 23:25-32; Zec 10:2**;- **Jer 29:8**

d. Om God se stem te hoor – baie mense verwar intuisie en gevoel as "leiding" van die Gees, - **Hand 16:6-7 ;** - **Spr 28:26; Jer 17:9 ;** - **Spr 14:12;** God is nie 'n God van wanorde nie- **1Kor 14:33**

8. **Hoe kan ek weet dat ek van God gehoor het ?**

a. Kennis van die Skrif - **2Tim 3:16-17; Matt 22:39**

b. Verhouding met die Gees – **Ps 143:10a ; 1 Kor 2:12-14; Joh 14:17; Eseg 37:14** ;

c. Vrede in ons harte – **Fil 4:6-8 ; 2 Pet 1:2 ; 1 Cor 14:33**

AFSLUITING: BID VIR MEKAAR